

Lêerno.: 27/9/1
Verwysing: 20240717-5251

Omsendbrief: 0021/2024
Vervaldatum: 31 Desember 2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore),
Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Prosedure om 'n appèl in te dien om die besluit van 'n gewone openbare skool om te keer in gevalle waar 'n leerder se aansoek om toelating tot die skool nie suksesvol was nie.*

Onderwerp: Appèlle aan die Minister ten opsigte van toelating: appèlprosedure vir toelating in die 2025-skooljaar

1. Die doel van hierdie omsendbrief is om alle belanghebbers in kennis te stel van die prosedure wat gevolg moet word om 'n appèl in te dien om die besluit van 'n gewone openbare skool om te keer in gevalle waar 'n leerder se aansoek om toelating in 2024 vir 2025 se akademiese jaar nie suksesvol was nie.
2. Ingevolge artikel 5(9) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), mag enige leerder of ouer van 'n leerder wie se aansoek om toelating tot 'n openbare skool nie toegestaan word nie, by die provinsiale Minister van Onderwys teen die besluit appelleer.
3. **Tydraamwerke vir appèlle**
 - 3.1 Graad 1- en 8-appèlaansoeke: open op **01 Augustus 2024**.
 - 3.2 Graad R-appèlaansoeke en aansoeke om oorpasings: open op **01 Oktober 2024**.
4. Appèlle oor toelating moet deur middel van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se skooltoelatingsbestuursinligtingstelsel (SAMI-stelsel) ingedien word. Ouers moet die volgende webwerfadres gebruik om hul appèl in te dien: <https://wcedonline.westerncape.gov.za>.
5. Ouers moet hul huidige aantekenbesonderhede gebruik om toegang tot hul profiel op die SAMI-stelsel te verkry. Klik op die "Admissions Appeal"-oortjie en volg die instruksies.

6. **Ouers word aangeraai om die volgende te doen:**
- 6.1 Verskaf omvattende redes waarom hulle van mening is dat die skool se besluit om nie hul kind se aansoek om toelating toe te staan nie, omgekeer behoort te word.
- 6.2 Dien enige stawende dokumente of bewyse in wat betrekking het op die appèl.
7. Kringbestuurders en prinsipale moet seker maak dat hulle geldige en funksionele toegang tot die SAMI-stelsel het, wat gebruik moet word om hul response tydens die appèlproses aan te teken. Dit sal help om die afhandeling van die appèlproses te bespoedig en onnodige verdragings verminder.
8. Prinsipale moet binne sewe werksdae vandat hulle per e-pos via die SAMI-stelsel van die appèl in kennis gestel is, op die appèl reageer.
9. Kringbestuurders en prinsipale word daaraan herinner dat hierdie verantwoordelikheid op grond van die wetlike implikasies daarvan vir die WKOD en die skool, nie gedelegeer of oorgedra kan word nie. Uitsonderlike gevalle, wanneer die prinsipaal byvoorbeeld nie hierdie funksie kan verrig nie, sal op distriksvlak in oorleg met die SAMI-stelseladministrateur by Hoofkantoor hanteer word.
10. Opleidingsessies is vir distriksamptenare geskeduleer om distriksbestuurspanne en ander betrokke ondersteuningspersoneel vertrouwd te maak met die nuwe appèlfunksie op die SAMI-stelsel en om begrip van die appèlprosedure te fasiliteer.
11. Opleidingsessies vir prinsipale en lede van beheerliggame sal gedurende die jaar geskeduleer word. Besonderhede oor die opleidingsessies sal te gelegener tyd gekommunikeer word.
12. Ondersteuning en ander verwante inligting vir ouers, leerders, appellante en belanghebbendes is op die WKOD se webwerf (sien punt 4) en die SAMI-stelsel beskikbaar.
13. Indien 'n ouer, leerder, appellant of belanghebber nie toegang tot die SAMI-stelsel kan verkry nie, kan die appèl steeds gedurende die appèltydperk per e-pos ingedien word by: edumin.edumin@westerncape.gov.za. As alternatief kan 'n appèlaansoek per brief gestuur word aan Privaatsak X9161, Kaapstad, 8000.
14. Alle navrae oor toelatings kan gerig word aan die Hoof: Bestuur en Beheer of die betrokke kringbestuurder in elke distrik.

15. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: B WALTERS

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2024-07-30